



Glifosaat is **minder** giftig as sout

Dr. Gerhard H Verdoorn

Die wêreld se grootste onkruid-doder, glifosaat, sal sekerlik die prys as nuusmaker van die jaar ontvang. Daar is aantygings, gerugte, vrese, Frankenstein-stories en louter onsin wat oor en weer deur die internet en al sy kleinboeties die wêreld vol vlieg. Soos een mediese praktisyn van Mpumalanga onlangs aan 'n skool gesê het: Glifosaat is 'n uiters giftige plaagdoder wat boonop kankerwekkend is. Nie eens Frankenstein self sou sulke onsin kon kwytmaak nie, maar die publiek trek die komsers oor die kop en sidder in vrees as die woord glifosaat hardop genoem word.

Die landbouchemiese bedryf sal nooit die begrip "omgewingsvriendelik" aan 'n plaagdoder toedig nie, want die doel van plaagdoders is om te dood - en daarom is sulke terme nie eens van toepassing in die debat oor glifosaat nie. Dit is egter 'n feit dat glifosaat nie in enige vorm kankerwekkend is nie. Die giftigheid is inderwaarheid so laag dat kommer oor die gesondheid van die mens en ander organismes totaal onnodig is.

Glifosaat is 'n nie-selektiewe, sistemiese kontak onkruid-doder. Dit beteken dat dit in 'n mindere of meerdere mate op alle plantsoorte

'n uitwerking sal hê deurdat dit in die plant se sisteem opgeneem word deur kontak met bogrondse dele.

Daar is enkele aanduidings dat baie broos plante soos soetrisies miskien glifosaat deur die wortelstelsel kan opneem as daar uitsonderlike hoë vlakke van glifosaat in die grond voorkom. Die reël is egter dat glifosaat nie deur plante se wortelstelsels opgeneem word nie.

Die spuitmengsel moet die blare, stamme en stingels benat voordat die produk opgeneem kan word.

Glifosaatbevattende onkruid-doders word baie algemeen in die landbou, tuinbou en omgewingsbestuur aangewend.

Dit is byvoorbeeld die produk wat gebruik word om indringer-riete in water mee te beheer, en dit is die onkruid-doder wat in geneties gemodifiseerde oesgewasse soos

mielies vir onkruidbeheer gebruik word. Daar bestaan verskeie sout-vorme en suurvorme van glifosaat soos die vrye suur glifosaat, kalium en natriumsoute, asook triisopropielamiensoute. Nie en van hierdie vorme is enigszins beduidend giftig vir mense nie en selfs nie eens irriterend nie. Ongelukkig het die klomp onwaarhede op die internet mense nou vreesbevang oor glifosaat - in so 'n mate dat mense

selfs glo hulle en hul troeteldiere vergiftig kan raak as hulle aan plante raak wat met glifosaat behandel is. Die feit is dat mens lievers maar moet kommer oppaar oor die soutpotjie wat so mildelik oor al die borde kos hardloop...

Dr. Gerhard H Verdoorn, Gifinligtingsentrum, neshar@iscali.co.za 082 446 8946 en CropLife Suid-Afrika www.croplife.co.za, 011 805 2000.

SJB wil etiese jagters oplei

Die Suid-Kaap Jagters- en Bewaringsvereniging (SJB) bied 'n dagkursus in probleem-dierbeheer aan. Die kursus in die roep van die skade-veroorsakende diere word op 4 Mei by die Wouter de Vos-skietbaan buite Klein-Brakrivier aangebied.

Heinrich Funck, van Jaracal Animal Damage Control bied die kursus aan. Funck, wat die afgelope 18 jaar al meer as 3 000 jagters en boere opgelei het om probleem-veroorsakende diere met hierdie metode te beheer, word allerweë beskou as een 'n wêreldleier op die gebied.

"Die doelwit met die kursus is om jagters te leer hoe om die roepstelsel te gebruik vir die jag van probleemveroorsakende diere," sê Neels Meyer, voorsitter van SJB. "Ons wil jagters oplei en motiveer om eties op te tree."

Vee- en wildboere, asook jagters wat belangstel in etiese probleem-dierbeheer, word aangemoedig om die kursus by te woon.

Die kursus begin om 08:00 en kos R850 vir lede en R1 000 vir nie-lede.

Kontak Melinda Bosch by die SJB-kantoor by 044 695 2319 vir meer inligting oor die roepkursus.

'n Elandkoei hang aan 'n haak in 'n abattoir, gereed om geslag te word. Foto: Jean-Pierre Steyn



Verseker effektiwiteit!

Met voortdurende innovasie en volgehoue betroubaarheid, bied Monsanto jou die wêreld se voorste onkruid-doders. Daarom is daar geen uitsondering wanneer dit kom by onkruidbeheer met **Roundup® Turbo** vir die skoonhou van lyndrade, die beheer van indringerplante en voorplantbespuitings nie.

Roundup® Turbo – dié staatmaker in onkruidbeheer.

Sukses lê in een oplossing.

Monsanto tel: 011 790-8200 | www.monsanto.co.za

Kontak gerus ons kliëntediens by 011 790-8201 of customer-care.sa@monsanto.com

Roundup® Turbo Reg. No. L7166 (Wet No. 36 van 1947) bevat Glifosaat en is 'n groepkode G-onkruid-doder. Gebruik onkruid-doders op 'n veilige manier. Lees altyd die etiket en produkinligting voor gebruik.

Roundup® Turbo en Monsanto is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.



MONSANTO



AgCelence™
Verwag meer.



Verwag meer ...

en kry meer as normale gewasbeskerming met **Abacus®**.

AgCelence™-produkte lewer plantgesondheid, wat bydra tot hoër opbrengs, verbeterde bemarkbare kwaliteit, verhoogde produksiedoel-treffendheid en beter weerstand teen stress-toestande.

Praat vandag nog met jou agent oor **Abacus®**, die produk wat die AgCelence™-belofte verwesenlik.

Abacus® is geregistreer vir gebruik op mielies, koring, sojabone, gars en suikerriet.

BASF
The Chemical Company

BASF Suid-Afrika (Edms) Bpk. • Seshindestraat 852, Midrand, 1685 • Posbus 2801, Hallweghuis, 1685 • Tel: +27 11 203 2400 • Faks: +27 11 203 2451 • E-pos: AgCelence-zal@basf.com

Abacus® Reg. N° L8048 Wet N° 38 van 1947. Aktiewe bestanddele: Piraklopridien 62,5 g/l, Epoxikonazol 62,5 g/l. Skakeltek: Verwys asseblief na die produkte/kat vir volledige gebruiksaanwysings. Abacus® en AgCelence™ is geregistreerde handelsmerke van BASF.